**WERKKAART 7**

**MODULE 6**

1. Blaai na bladsy 129 waar leestekens bespreek word. Skryf die volgende sinne oor deur die leestekens op die korrekte plekke in te vul. Omkring dan jou leestekens met 'n kleurpotlood.
   a) Hy het die volgende plantegroeistreke gesien fynbos woude sukkulente en woestyngebiede
   b) Die bekommerde seun vra het Ma vir Pa iewers gesien
   c) Hennie Aucamp die bekende digter het die gedig Die Sneeu-uil op bladsy 155 geskryf
   d) Dit help nie om 'n Engelse woord soos cool te gebruik nie jy moet dit korrek aanhaal
   e) Hy was lank siek dus kon hy nog nie sy werk inhandig nie
   f) So vinnig as wat ek probeer skryf raak my pen leeg
   g) As julle hierdie vraag voltooi het kan julle met die volgende vraag begin
   h) Van watter gedig hou jy die meeste vra Klara
   i) Ons kon hom nie besoek nie omdat daar nie tyd was nie
   j) Omdat daar nie tyd was nie kon ons hom nie besoek nie

2. Watter van die volgende byvoeglike naamwoorde is letterlik en watter is figuurlike gebruik? Verduidelik dan ook wat met die woord bedoel word. a) Die werklose is arm.
   b) Die arme vrou het ten spyte van haar rykdom baie bekommernisse. c) Die mes is skerp.
   d) Haar skerp tong maak ander seer.
   e) Die wyn is suur.
   f) Haar suur gesigsuitdrukking verraai haar gevoelens.
   g) Die rugsak is swaar.
   h) Haar probleme is ’n sware las.
   i) Sy is ’n fyn ou meisietjie.
   j) Sy smee fyn planne.

Op bladsy 128 leer jy meer oor bywoorde. Blaai nou na die spotprent op bladsy 133 en voltooi die volgende vrae.

3. Vervang die woord “iewers” met 'n bywoord van . . .
   a) tyd
   b) plek

4. Pa hou 'n koerant vas. Skryf die koerant se opskrif neer en voeg 'n bywoord van wyse in die sin in.

5. Skryf nou jou eie sinne oor die spotprent. Jy moet die volgende bywoorde gebruik:

   a) buite, langsaan
   b) snags, jaarliks
   c) verskriklik, oorhaastig

6. Skryf die volgende sinne oor en onderstreep die bywoorde wat in die sinne voorkom.
   a) Die Sneeu-uil sal netnou hierheen kom.
   b) Skryf jou antwoorde baie duidelik.
   c) Die uil kla gereeld dat sy verskriklik honger is.
   d) Daardie storie is onteenseglik die reine waarheid.

7. Voltooi die volgende vaste verbindings met bywoorde deur 'n gepaste werkwoord in te vul. Kies uit die volgende werkwoorde. Gebruik dan die uitdrukkings in 'n goeie sin.

| |
|---|
| erken herken lewe mis voortgaan weier |

   a) onverpoos . . .
   b) rakelings . . .
   c) botweg . . .
   d) afgesonderd . . .
   e) dit spelenderwys . . .

8. Blaai na die gedig "Die Sneeu-uil" op bladsy 134.
   a) Skryf die eerste strofe in die direkte rede oor. Begin jou sin met:
      *Die spreker in die gedig sê . . .*
   b) In strofe 3 kla die uil dat sy honger is. Skryf die uil se klagte oor in die direkte rede.
   c) Die laaste twee versreëls is in direkte rede geskryf en is 'n boodskap van Ankie. Skryf hierdie boodskap oor in die indirekte rede.

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.